

## Gekruisigde hande en voete

Teks : Luk 4: 16 - 22

Tema : Gekruisigde hande en voete

Kan julle grootmense nog onthou hoe julle gedroom het toe julle nog op laerskool was? En baie keer het ons drome begin met die woorde "As ek eendag groot is...." Ek onthou nog soos gister van die paar planke wat my pa in ons agtertuin aan mekaar getimmer het om so iets soos 'n kar te lyk met 'n stuurwiel en pedale en bankie. As my pa na werk in die tuin gewerk het, het ek dikwels in die kar gery en gedroom van die dag as ek groot is en in 'n regte kar ry. So het julle kinders hopelik ook nog drome wat julle hoop regtig gaan waarword. Drome soos: as ek eendag groot is gaan ek baie geld maak, 'n kar koop, 'n ingenieur of onderwyser word, 'n boer op 'n groot plaas of wat ook al. So droom grootmense ook van die dag as hulle die Lotto wen, as hulle die "break" in hulle lewens kry, as dit of dat gebeur. Soms word van die drome waar en ander kere word dit nooit waar nie (soos met die Lotto).

Net soos wat ons drome gedroom het of nog droom oor die toekoms, so het die mense van Israel in die Ou Testament ook drome gedroom. Seker ook maar sulke drome soos ons vandag droom, maar hulle het veral as volk gedroom dat daar 'n Verlosser sal kom wat vryheid en genesing sal bring. Hulle het gedroom en gehoop dat iemand (wat hulle die Messias genoem het) sal kom om dinge anders te maak as wat dit tot toe vir hulle was.

Onthou nou dit, dat die Jode uitgesien het na die Messias, die Verlosser, die Een wat sal kom, as ons nou lees hoe Jesus (self 'n Jood op aarde) met Sy mede Jode praat in die Sinagoge :

Luk 4:16-22 Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het, en soos sy gewoonte was, het Hy op die sabbatdag na die sinagoge toe gegaan. Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor te lees, (17) is die boek van die profeet Jesaja vir Hom aangegee, en Hy het dit oopgemaak en die plek gekry waar geskrywe staan: (18) "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, (19) om die genadejaar van die Here aan te kondig." (20) Nadat Hy die boek toegemaak en aan die amptenaar teruggegee het, het Hy gaan sit. Die oë van almal in die sinagoge was op Hom gerig. (21) Toe begin Hy hulle toespraak: "Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul." (22) Almal het hulle instemming met Hom betuig en was verwonderd oor die aangename woorde uit sy mond. En hulle sê: Is hy dan nie die seun van Josef nie?

Wat sê Jesus eintlik vir die Jode? Hy sê: "Die Messias wat julle so van gedroom en na uitgesien het, Hy het gekom! Dis ek! Ek is julle droom wat waar geword het!"

En wat maak hulle? Sê hulle: "Jippeeee! Uiteindelik het ons Verlosser en Messias gekom!" En Hom aanbid? Die hartseer is dat hulle Hom nie wou glo nie en, so lees ons verder, selfs wou doodmaak, en dan uiteindelik ook toe wel doodgemaak het aan die kruis.

Eintlik is dit 'n baie hartseer verhaal. Vir meer as 2000 jaar droom hulle van hulle Messias. En dan kom Hy en hulle glo dit nie en hulle mis eintlik hulle hele droom wat waar geword het hier voor hulle oë. En vandag, nog 2000 jaar later, glo hulle dit nog nie.

Die Boodskap dat die Messias, dit is Jesus, gekom het, is nie net vir die Jode bedoel nie. Dit is ook vir jou en my en vir almal in hierdie wêreld bedoel. En wat is dit wat Jesus kom doen? Ons lees dat Hy gekom het om :

...die evangelie aan armes te verkondig....om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdrukte in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig.

Jesus het gekom om dinge anders te kom maak as wat dit is. En hoe is dinge? Ons lewe in 'n wêreld met bitterheid, hartseer, siekte, haat, aardbewings, onregverdigheid, aardverwarming, alkoholisme, huwelike en kinders wat swaar kry, armoede, mense wat die Here nie ken nie, werkloosheid, misdadigheid en so kan ons nog tot vanaand toe die lys maak van alles wat nie reg is in die wêreld waarin ons woon nie.

Ons nou sê Jesus juis dat Hy gekom het om die stukkende dinge heel te maak, ook die dinge wat dalk nog stukkend is in jou lewe. Maar is dit so....?

Ek lees van 'n geleerde Rabbi wat besig was om sy daaglikse take in die sinagoge te verrig, toe een van die gemeentelede inhardloop en opgewonde uitbars: "Rabbi, die Messias is hier. Hy is nou in ons stad."

"Regtig?" vra die Rabbi. Die Rabbi stap na een van die sinagoges se vensters en kyk na die stad: "Wel, ek sien geen verskil nie".

As ons by die vensters van die kerk uitkyk na die lewe daar buite en selfs hier binne in ons, voel mens ook soms om te sê of te dink: "Wel, ek sien geen verskil nie".

Die wêreld lyk nog net so sleg soos voor Jesus gekom het. Om die waarheid te sê: Dit lyk amper elke dag slegter! En binne in my lyk dinge ook nie eintlik beter nie. Hoe werk dit dan? Het Jesus dan nie gekom om dinge anders te maak nie of is die Jode dalk reg dat Hy toe nie gekom het nie?

Ek dink die een rede is dat ons, soos die Jode, nie raaksien hoe Jesus reeds op baie plekke in en in baie mense se lewens reeds dinge verander en nuut kom maak nie. In Jesus se tyd het Hy talle wonderwerke gedoen en op baie ander manier gewys dat Hy die Messias is - die Een van Wie hulle gedroom het. Maar hulle wou dit nie raaksien nie en daarom het die wêreld vir

hulle donker gebly. Dalk is ek en jy ook nie genoeg daarop ingestel om te sien dat Jesus die Messias ook vandag is nie.

Maar daar is nog 'n baie belangrike rede waarom baie mense steeds sê: "Wel, ek sien geen verskil nie".

Ook Christene dink soms dat ons op ons knieë moet gaan om te bid dat dinge sal verander en dan opstaan en by die venster moet gaan kyk of Jesus dinge al verander het. Maar in die meeste gevalle is dit nie hoe ons Here werk nie. Ons lees juis in ons teks dat die Heilige Gees juis op Jesus gekom het om dinge anders te kom maak. Dit was die Gees wat Hom dit alles laat doen het.

Maar na Jesus opgevaar het, waar is die Gees nou? As jy die Here Jesus in die geloof aangeneem het, dan woon die Heilige Gees in jou en my! So sê die Bybel in 1 Kor 12:3.

Maar meer as dit. As ons wonder waar Jesus dan nou is om dinge en mense te verander en nuut te maak, dan hoor ons:

1 Kor 12:27 Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan.

Ons is nou Jesus op aarde om dinge en omstandighede te verander soos Jesus wat ons ons woon (HG) ons lei en wys. Hoe slegter dit met die wêreld gaan, hoe meer moet ons leef en doen. Ons leuse sê immers nie net: Liefde glo nie, maar Liefde leef! Dit doen ook dinge.

Miskien dink jy: "Wat kan ek hier in Pretoria nou doen aan die aardbewing in Haïti, of watter verskil gaan dit aan aardverwarming doen as ek my huis se ligte wat onnodig brand afsit? Hoe moet ek in elke geval weet hoe die Here deur my wil werk?"

'n Dominee vertel van 'n vrou in sy gemeente met die wonderlike naam, Grace. Vir 40 jaar het Grace 'n bediening onder die straatmense in Seattle gehad. Toe hulle haar vra wat is haar geheim, het sy geantwoord: "As jy 'n bediening op die strate wil hê, dan moet jy net stadig loop en dit sal self gebeur. As jy dit nie wil doen nie, loop dan net vinniger."

So vertel dieselfde dominee dat hy op 'n dag saam met 'n ander man wat 'n skaapboer was, na 'n buitgemeente in die Skotse platteland gery. Die son het op 'n stadium net so deur die wolke gebreek en sy strale op die groen veld laat skyn waar daar 'n hele klompie skape gewy het. Die ds sê toe vir die skaapboer: Dis darem 'n rustige en mooi prentjie, né? Al wat die man toe sê is: "Stop en ry 'n ent terug". Hy klim toe uit en klim oor die kraal se muurtjie en stap reguit na 'n skaap wat op sy rug lê en tel hom regop. Wat die dominee nie geweet het nie, was dat dit soms gebeur dat die wol van 'n ongeskeerde skaap so swaar kan word dat, as die skaap op sy rug lê, hy nie weer op kan staan nie en maklik kan vrek. Vir die ds het dit na 'n mooi prentjie gelyk, maar omdat die man skape geken het en met 'n ander oog daarna gekyk het, het hy geweet die skaap is in die moeilikheid en het hy hom gehelp.

Jesus het sy dissipels destyds en sy dissipels vandag geleer om stadig te loop sodat ons die kuns van opmerk/waarneem kan beoefen, want opmerk/waarneem lei tot betrokke raak/verskil maak.

Die Messias het gekom en hy maak vandag steeds 'n verskil aan mense se lewens en die wêreld. Jesus loop vandag nog in die strate en skole en kantore en huise van Oudtshoorn. Ek en jy is Sy hande en stem en oë en voete.

Die wonderlike in natuurlik dat, hoe meer ek en jy toelaat dat my hande en voete en oë Sy hande en voete en oë raak, hoe meer ervaar ek en jy die veranderende krag van Jesus in ons eie lewens ook. Amen.

Dr Jan Bothma ( Spesialis Berader Moreletapark Gemeente)